# CONFRONTING CLIMATE CHANGE

A SOUTH AFRICAN FRUIT & WINE INITIATIVE

’n Webgebaseerde inligtingsportaal vir klimaatsveranderings- en landbouvraagstukke wat verband hou met die vrugte- en wynuitvoerbedryf, insluitend ’n aanlyn-koolstofvoetspoor-berekeningswerktuig.



*Om Suid-Afrika se mededingende posisie op die wêreldwye vrugte- en wynuitvoermarkte te behou, moet die bedryf ’n verenigde reaksie ten opsigte van klimaatsverandering toon – ingelig deur grondige wetenskap en gebaseer op plaaslike inligting.*

**Inleiding:**

Daar word voorspel dat klimaatsverandering ’n direkte impak op Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse temperatuur en reënvalverspreiding sal hê en gevolglik plaag- en siekteverspreiding, die blom- en vrugdraseisoen, asook grondwaterhulpbronne sal beïnvloed. Klimaatsverandering het ook ’n indirekte impak vanweë toenemende bewuswording onder verbruikers en die ooreenkomstige aandrang op koolstof-doeltreffende sakeprosesse. Die landbousektor is ’n groot bron van kweekhuisgasse (KHG’s) as gevolg van bedrywighede soos grondgebruiksverandering, landbouchemiese toedoening en fossielbrandstofgebruik. Deur middel van konserwatiewe energietegnologieë en volhoubare boerderypraktyke bestaan daar groot vrystelling verminderingsgeleenthede wat doeltreffendheid kan verbeter en koste deur die hele verskaffingsketting kan verminder.

**Doelwitte van die projek: (sien www.winetech.co.za)**

- Om klimaatsveranderingsvraagstukke, -geleenthede en -bedreigings op landbougebied op die voorgrond te plaas en bekend te maak.
- Om binne die vrugte- en wynsektor ’n bedryfstandaard vir KHG-ouditering te skep en om ’n gestandaardiseerde meting, verslagdoening en vergelyking van individuele plaasvrystellings wat vrystelling verminderingsgeleenthede op die voorgrond plaas.
- Om ingeligte en gesaghebbende kommentaar, debatvoering en onderhandeling deur belanghebbendes en beleidsmakers moontlik te maak.
- Om leiding te gee aangaande kort- en langtermyn strategieformulering deur besluitnemers dwarsdeur die bedryf.



## Hoe om betrokke te raak:

Die sukses van hierdie projek hang af van die aktiewe betrokkenheid van die bedryf. Moenie huiwer om met die projekspan of u bedryfsverteenwoordiger te skakel nie.

- Projekkoördineerder: Hugh Campbell
  tel 021 882 8470
  e-pos Hhugh@dfptresearch.co.za.
- Projekbestuurder: Shelly Fuller, tel 021 465 6923
  e-pos shellyf@genesis-analytics.com.
- Wynbedryf verteenwoordiger: Jacques Rossouw
  tel 021 809 7570, e-pos jrossouw@distell.co.za.



## Uitkomste van die projek:

**inligting**

**Klimaatsverandering kommunikasie aan beleggers**
- Werkwinkels en inligtingstukke.
- Begrip van die kweekhuisgas ouditproses.
- Tydraamwerk: Maart 2009

**oudit**

**Kweekhuisgas voetspoor van die distribusieketting**
- Bevestiging van die KHG voetspoor metodologie, gereedskap vir die Suid-Afrikaanse vrugte- en wynbedrywe.
- Oudit om al die vrystellings in te sluit van bron tot rak (volle lewensiklus).
- Resultate ontleed om die hoë vrystellingsbronne regdeur die distribusieketting, asook plaas-aktiwiteite vas te stel.
- Tydraamwerk: Julie 2009

**beplanning**

**Klimaatsverandering behandeling en strategiese raamwerk vir vrugte- en wynuitvoerbedrywe**
- Aanbevelings vir verminderingsopsies geskik vir plase en die distribusieketting.
- Aanbevelings vir biologiese aanpassingsopsies vir toekomstige landbou streeksbeplanning.
- Vergelykingsoefening om die SA vrugte- en wynuitvoerbedrywe in die kompeterende streke in konteks te plaas.
- Tydraamwerk: Desember 2009

Hierdie industriële projek is ’n gesamentlike inisiatief geborg deur die plaaslike vrugte- en wynbedryf, regering (NAMC & PHI), asook geborgde finansiering (ComMark Trust).